
# SAHARA-AVONTUUR REEKS

No. 17

## Gaste van die Dood



Meiring Fouché

INHOUD

Hoofstuk ........................................ Bladsy

1. Gevaarlike Sending ................................ 3

2. Skermutseling ................................ 12

3. Een Makeer ................................ 20

4. Ongenooide Gas ................................ 26

5. Man teen Man ................................ 35

6. Die Skaapwagter ................................ 46

7. Die Ruiters ................................ 54

8. Herkenning ................................ 65

9. In die Leeukuil ................................ 74

10. Vasgekeer! ................................ 84

Hoofstuk 1

# GEVAARLIKE SENDING

Fritz Mundt, die groot Duitser van die Franse Vreemdelegioen draai op sy rug en gee weer sy maag aan die dalende Sahara-son. Vir hom voel dit asof die son al sy rugvel afgebrand het. Hier op die hoë borswering van die vesting in Dini Salam, die voorste garnisoendorp van die Legioen, voel dit so warm soos die verderf self. Fritz gluur die wag aan wat by hom verbystap en half spottend na sy kant toe kyk.

,,Ek wens ek kan weet wat se dwaasheid dit is om ons elke goddelike dag hier in die verterende son te laat lê en dit nogal sonder 'n draad aan,'' protesteer Fritz. Hy sluit sy oë teen die son en hy krap aan sy lang en welige rooi baard. ,,Ek het nou net mooi genoeg van hierdie gemors gehad,'' kondig Fritz aan.

Hier langs hom swaai die klein Petacci, die klein Italianertjie, op sy maag. ,,Ek sal jou sê, ou Grote,'' sê Petacci. ,,Hulle wil ons paar seker na die Franse Riviera stuur sodat die mense daar kan sien watter pragtige voorbeelde van manlikheid en liggaamlike krag daar in die Vreemdelegioen is.''

,,Nee, ék sal julle sê,'' kondig Jack Ritchie, die Engelsman hier van die kant af aan. ,,Hulle wil ons seker Hollywood toe stuur om in die een of ander rolprent te gaan optree.''

Teuns Stegmann, die lang, blonde Suid-Afrikaner met sy welige bos baard draai op sy sy en kyk na die potsierlike toneel hier langs hom—na sy paar maats wat almal hier op die planke van die borswering lê met nie 'n draad klere aan nie. ,,Ek sal julle sê wat die plan is,'' sê Teuns. ,,Die rolprentmense soek seker 'n nuwe Tarzan; nou laat hulle ons hier in de son bruin brand om te sien wie van ons die beste sal lyk.''

,,Wat die doel ook al is,'' murmureer Podolski, die Pool, ,,ek wens die hemel gee hulle wil ons nou sê wat dit is. Van hierdie gelêery in die son sal ons nog almal sonsteek kry. En dit voel vir my

asof ek al gaar gebrand is."

,,Die ou Grote het oulik gebrand," spot Teuns en beduie na Fritz. ,,Hy lyk nou net soos 'n wynbalie wat jy ligbruin geverf het."

Fritz Mundt snork net sy afkeuring uit. ,,Dis 'n dwase, gekke en onnosele affêre," sê hy. ,,Vir wat kan hulle nie vir ons sê wat hulle met ons voor het nie?"

,,Dalk is dit 'n groot militêre geheim, ou Grote," sê Petacci. ,,Dalk wil hulle ons gebruik om die hele Arabierse wêreld te verslaan. Hiervandaan tot in die republiek van kolonel Nasser."

,,Ja," beaam Jack Ritchie. ,,Hulle sal ons nie aan die Sahara-son blootstel as hulle nie met ons 'n groot doel het nie."

,,Miskien is ons uitgeknip om die geskiedenis te verander, ou Grote," sê Teuns hier van die kant af. ,,Wie weet, dalk kan ons 'n harde hou slaan vir die Westerse lande.'

,,Jul gebabbel maak my siek," sê Fritz en rol die pruimpie 'n slag in sy kies om.

,,Jy lyk al net soos 'n Arabierse sjeik, ou Grote," kondig Podolski aan en loer onderlangs na die groot Duitser. ,,As hulle nou jou baard swart verf, dan is jy kant en klaar 'n Arabierse sjeik."

,,Hoe romanties," piep Petacci met sy fyn stemmetjie. ,,Dalk kan jy vir jou nog een van die pragtige Arabierse goedjies uitslaan hier in een van die kafees."

Fritz Mundt lê doodstil en maak asof hy hulle nie hoor nie. En net toe hulle hom verder wil terg, verskyn die ordonnans hier by hulle op die stellasie. ,,Manskappe Stegmann, Mundt, Podolski, Petacci en Ritchie," sê die ordonnans, en dit lyk asof hy sy lag nie kan hou nie, ,,die kolonel wil julle dadelik sien."

,,Dankie vir die heuglike tyding," sê Fritz vinnig en die volgende oomblik staan hy op sy voete.

Die vyf bruingebrande manne wat nou al hoé lank elke dag 'n rukkie poedelnakend hier op die borswering moes kom lê, net asof hulle op die strand met sonbaddens besig is, draf dankbaar die trap





af, gaan trek hulle vinnig in die slaapsaal aan en toe haas hulle hulle na die kantoor van kol. Le Clerq, bevelvoerder van die garnisoenpos, Dini Salam.

Minder as tien minute daarna staan die vyf manne styf op aandag voor die gryserige man agter die glimmende lessenaar.

,,Op rus, mes amis," sê die kolonel. Die manne staan dadelik op rus. En toe kyk hulle almal met belangstelling na die eienaardige, langwerpige liggeel houtkissie op die tafel van kol. Le Clerq. Hy merk dit op, maar hy sê niks nie. Hy laat hulle 'n hele rukkie na daardie kissie kyk voordat hy weer praat. Hier langs hom sit kapt. D'Arlan. Altwee die offisiere kyk met 'n glimlag van belangstelling en klaarblyklike tevredenheid na die vyf man hier voor hulle.

Le Clerq leun agteroor in sy draaistoel. Toe trek hy 'n rukkie ingedagte aan die punte van sy snorbaard. ,,Aha," sê die kolonel, ,,ek sien die vyf manskappe het pragtig bruingebrand. Dit is net soos ons dit wil hê. Excellent! Excellent, mes amis."

En toe meteens, verskyn die garnisoengeneesheer asof uit die niet hier in die kantoor. Hy is 'n klein blas mannetjie met 'n bleskop en twee vurige ogies. Hy salueer flink en toe kyk hy ook na die vyf wat daar op 'n ry voor die lessenaar staan.

,,Mes amis," sê kol. Le Clerq, ,,dit spyt my maar ek moet julle vra om julle te onklee. Julle moet alles uittrek. Ek wil julle poedelnakend sien."

'n Oomblikkie staar die manne skoon uit die veld geslaan na die bevelvoerende offisier. Toe kyk hulle na kaptein D'Arlan wat uitdrukkingloos daar sit en toe kyk hulle onseker na mekaar. Maar die volgende oomblik begin hulle onseker hul klere uittrek en toe kol. Le Clerq hulle maan om gouer te maak, toe laat hulle nie verder op hulle wag nie. In 'n kits staan die vyf poedelnakend daar in die kantoor van die bevelvoerende offisier.

,,Wat dink jy, dr. Bretan?" vra kol. Le Clerq.

Dr. Bretan kyk aandagtig na die vyf. Bekyk hulle op en neer. Stap selfs om hulle, beloer en betrag hulle van kop tot tone. Lig selfs hul arms op en kyk onder hul arms. Ondersoek die binnekant

van hul bene.

,,Uitstekend,'' sê Bretan toe hy klaar is met sy vreemde ondersoek. ,,Hulle het uitstekend bruingebrand. Eintlik is hulle meer swart as bruin, en dit is wat ons wil hê, nie waar nie, mon colonel?''

,,Presies,'' antwoord D'Arlan hier van die kant af. ,,Dit is net wat ons wil hê.''

,,Die hare en die baarde is niks,'' sê Bretan. ,,Dié sal ek verf soos hulle moet wees. Om hare en baard gitswart te verf, daar is niks aan nie.''

,,Skitterend,'' roep Le Clerq uit. Toe beduie hy vir die manne om hulle weer aan te trek.

Skoon oorbluf trek hulle hulle weer aan en terwyl hulle wonder wat op aarde hier aan die gang is, loer hulle elke keer steels na daardie langwerpige geel houtkissie daar op die lessenaar. Watter vreemde taak het Le Clerq nou weer vir hulle in die mou?

Le Clerq het uit sy stoel opgestaan en na die muur gestap waar die groot landkaart van die Sahara-gebiede teen die muur afgerol hang. Hy staan daar met sy hande agter sy rug en kyk aandagtig na die landkaart. Dan staan en weeg hy sy liggaam op sy tone, dan vat hy aan sy wang, dan trek hy met sy voorvinger 'n rigting op die kaart en dan begin hy sommer doelloos deur die vertrek stap.

Daarna kom die kolonel weer in sy draaistoel sit. ,,Bretan,'' spreek hy die dokter aan, ,,is jy absoluut seker dat jy hierdie manne se hare en baard en selfs hul ooghare na behore kan verf? Kan jy dit doen sodat daar nie die allerminste twyfel bestaan nie?''

,,Ek is daar heeltemal seker van, mon colonel,'' sê Bretan.'

,,Wat. . . wat van hierdie twee met die blou oë?'' vra Le Clerq en beduie na Teuns Stegmann en Fritz Mundt.

,,Blou oë maak nie verskil nie,'' sê Bretan. ,,Ek het al baie Arabiere gesien met die helderste blou oë wat 'n mens jou kan voorstel. Daaroor hoef u u nie te bekommer nie, mon colonel. Ek sal selfs die hare onder hul arms verf. Niks sal oor die hoof gesien word nie, mon officier. Ons sal die geringste besonderhede in gedagte hou.





,,Merci, Bretan,'' sê die kolonel, ,,dit sal nou eers al wees.'' Bretan salueer en toe stap hy die kantoor uit.

Le Clerq kyk na die vyf manne hier voor hom. Toe steek hy sy hande uit, neem daardie langwerpige kissie en trek dit nader na hom toe.

Maar hy maak dit nie oop nie. Pleks dat hy die houtkissie oopmaak, maak hy 'n gebaartjie met sy hand in die rigting van D'Arlan. ,,Capitaine,'' sê Le Clerq vir D'Arlan, ,,sal jy so goed wees om aan hierdie legionnaires te verduidelik wat gaande is.''

D'Arlan staan op en stap 'n draai deur die kantoor. Toe kom staan hy hier by die manne en kyk dringend na hulle. D'Arlan het 'n baie sterk gevoel vir hierdie vyf manskappe. Hulle het al baie gevare saam deurgemaak en meermale as wat hy kan onthou, het hulle saam-saam die dood geproe. Daarom is daar 'n gevoelige uitdrukking in die kaptein se oë toe hy praat. ,,Mes amis,'' spreek hy hulle aan, ,,julle het seker in die afgelope tyd al baie gewonder waarom julle aan die teistering blootgestel word om in die Sahara son te lê en bruin brand. Ons verstaan dat dit nie 'n maklike taak vir julle was nie. Geen man wil graag aan die son van die Sahara blootgestel word nie. Julle wonder seker ook oor die toneeltjie wat hom nou net hier afgespeel het toe dr. Bretan julle so ondersoek het. Toe hy gepraat het van die verf van jul hare en jul baarde. Nou het die tyd aangebreek dat ons julle sal inlig oor wat aan die gang is en wat die bedoeling met julle is.''

D'Arlan kyk na Le Clerq en dit is toé dat Le Clerq daardie kissie oopmaak.

En toe hy daardie deksel terugtrek, is dit asof die vyf manskappe daar hyg van verbasing en opwinding.

In daardie langwerpige geelhoutkissie lê die pragtigste en treffendste wapen wat hulle seker nog aanskou het. Dit glinster dreigend daar waar dit lê en vergeleke met die lebelgewere waaraan hulle gewoond is en selfs met die moderne ligte masjiengewere wat hulle partykeer hanteer, lyk hierdie wapentjie met sy kort snoetjie soos 'n baba onder die skietgoed.

Hulle kan wel aflei dat dit 'n soort geweer moet wees want dit het 'n kort lopie en agter het dit iets wat lyk soos 'n kolf. Maar dit is die vreemdste skietding wat hulle nog aanskou het.

Le Clerq glimlag toe hy hul verbasing sien. Hy tel die eienaardige geweertjie uit die kissie en hou dit in sy hande. Dit glinster daar, dit lyk so manhaftig en dit is asof 'n verdoemende dood in daardie kortsnoetige wapentjie skuil.

,,Legionnaire Stegmann," sê Le Clerq, ,,het jy al in jou lewe so 'n wapen gesien?"

,,Nog nooit nie, mon colonel," sê Teuns en sy gesig is die ene belangstelling.

,,En julle kêrels?" vra Le Clerq vir die ander manne.

Hul skud almal hul koppe. Nog nie een van hulle het so 'n wapen in sy lewe gesien nie.

,,Ek het gedink dat nie een van julle dit al gesien het nie," sê Le Clerq. ,,Hierdie is omtrent die modernste stukkie vuurwapen wat daar is. Dit is 'n Franse produk, mes amis, en dit is geheim. Dit is aan ons gestuur vir inspeksie. Ons moet sê wat ons daarvan dink. Capitaine D'Arlan en ek het 'n paar dae gelede hiermee proewe ver in die woestyn gedoen en die resultate was eenvoudig verbasend. Hierdie wapen," sê Le Clerq, ,,vuur nie koeëls af nie. Dit vuur klein vuurpyle af wat dodelike verwoesting kan saai. Die uitwerking van een van hierdie vuurpyle staan gelyk aan die uitwerking van so omtrent tien handgranate wat gelyktydig gegooi word. Dit is 'n dodelike wapen, mes amis."

Le Clerq lê die geweertjie terug in die kissie en toe maak hy weer 'n gebaartjie teenoor D'Arlan. Die kaptein praat verder. Daar is erns in sy oë toe hy die paar Legioenmanne aanspreek. ,,Legionnaires," sê D'Arlan, ,,na aanleiding van hierdie wapentjie moet julle vyf seker die belangrikste sending onderneem wat julle nog ooit onderneem het vandat julle in die Vreemdelegioen is. Ons het julle vyf gekies omdat ons weet dat julle trou genoeg aan mekaar is om vir mekaar te sterf. Ons het julle gekies omdat ons weet dat jul lojaliteit aan die Vreemdelegioen nie oortref kan word nie. Ons het





julle gekies omdat julle onverskrokke is, omdat julle dikwels as 'n eenheid opgetree het en omdat ons julle beskou as die vyf vindingrykste manskappe in die hele garnisoen van Dini Salam. Ons het julle in die son laat bruin brand omdat ons hierdie keer met julle 'n baie bepaalde en spesifieke doel het."

Die vyf manne luister woordeloos na D'Arlan. In sy gemoed wonder elkeen wat die volgende gaan wees wat hy hulle gaan meedeel. Wat se sending is hierdie waarop hulle vyf nou moet gestuur word?

D'Arlan swyg 'n rukkie en kyk baie dringend na die vyf mans. Eers na Teuns Stegmann, toe na Fritz Mundt, toe na Podolski en daarna na Jack Ritchie en Petacci. Dit is asof D'Arlan huiwer voordat hy die volgende woorde uitspreek. ,,En daar is nog veral 'n baie belangrike rede waarom ons julle gekies het, mes amis," sê die kaptein, ,,en dit is omdat julle vertroud is met die hoofstad van die Doelaks—Doetra."

D'Arlan se laaste woorde ruk deur die manne. Hulle kan die verbasing en skok op hul gesigte nie verberg nie.

Dit is toe dat kolonel Le Clerq verder praat. ,,Wat die capitaine sê, is korrek," sê Le Clerq. ,,Ons het julle veral gekies omdat julle vertroud is met Doetra. Ek gaan julle na Doetra stuur, mes amis."

Teuns Stegmann, die Suid-Afrikaner, het geen bang haar op sy kop nie, maar toe hy hierdie aankondiging hoor, kan hy dit nie help om 'n slag te sluk nie! Doetra! Doetra, die heilige stad van die Doelaks! Doetra wat geleë is in 'n kom tussen hoë, grys kranse waar al die mag van die Doelakvolk saamgetrek is. Doetra, waar die wit prinses van die Doelaks, madame Brigitte Bonnet regeer. Madame Bonnet, seker die wreedste vorstin wat die Doelaks nog ooit gehad het. Die Franse vrou wat uit wraak haar trou afgelê het om die Doelaks van die een bloedige veldtog na die ander hier in die Sahara te lei. Ja, Doetra, die plek waar vyande vasgemaak word om deur die groot bergarende verslind te word. Teuns voel 'n rilling deur sy groot liggaam vaar.

Dit is asof Le Clerq die ongemak, die onrus en die vrees in die

manne se binneste gewaar, want hy sê vinnig: ,,Mes legionnaires, ons het allerhande aanduidings gekry dat daar weer onrus onder die Doelaks is. 'n Week gelede is 'n handelskaravaan anderkant die oase Harba uitgeroei. 'n Klein patrollie vanaf Fort Laval het spoorloos verdwyn. Hier in Dini Salam is 'n hele paar Doelak-spioene in die afgelope tyd opgemerk. Ons is oortuig daarvan dat iets aan die broei is. En ons is oortuig daarvan dat die Doelaks van heelwat moderne wapens voorsien is.''

Die kolonel swyg, kyk na daardie vreemde geweertjie in die kissie af en toe kyk hy weer na die vyf manne op. ,,Vir Frankryk en vir die Franse Vreemdelegioen is dit van die uiterste belang dat ons onmiddellik moet weet wat onder die Doelaks aangaan,'' sê kolonel. ,,As hulle baie sterk van moderne wapens voorsien is, sal ons genoodsaak wees om die garnisoen uit Fort Laval terug te trek en al ons genoodsaak wees om versterking te vra selfs vir die garnisoen van Dini Salam. En daar is net een manier om uit te vind wat aangaan, mes amis, en dit is om self te gaan kyk. Dit is met daardie doel dat ons julle vyf gekies het. Jul sending sal een van die belangrikste wees in de geskiedenis van die Vreemdelegioen.

Hy staan op uit sy stoel en met sy hande agter sy rug vasgeklem, begin hy kop onderstebo in die kantoor rondstap. ,,Nou sal julle my vra hoe dit moontlik is, mes amis, dat vyf man die hoofstad van die Doelaks kan binnedring. Ons het ál die moontlikhede oorweeg. Al die gevare en ál die strikvalle. Daar is vir ons net één ding om te doen en dit is om julle soos Arabiere te vermom. Maar dit moet 'n perfekte vermomming wees. Daarom het ons julle die moeilike taak opgelê om julle te laat swart brand sodat jul velle soos dié van Arabiere kan lyk. Die res van die vermomming sal deur dr. Bretan voltooi word. Julle sal soos 'n kameelkaravaan na Doetra trek. Julle kan Arabiers almal betreklik vlot praat. Julle sal deurgaan as Arabierse handelslui uit Casablanca. Omdat julle vertroud is met die gevare en met wat daar te wagte is, sal julle strikvalle kan uitskakel waar 'n ander soldaat miskien daarin sou kon beland het.''





Le Clerq steek meteens vas en kyk na die manne. ,,Is daar enige vrae?'' vra hy.

,,Maar die Doelaks ken ons al, mon officier,'' opper Teuns. ,,Hulle sal ons herken.''

Le Clerq skud sy kop. ,,Niemand sal jou herken as jy 'n swart baard en swart hare en 'n swart vel het nie, mon ami. Ek is daarvan bewus dat madame Bonnet jou al persoonlik en van naby gesien het. Maar ek is seker sy sal jou hierdie keer nie herken nie.''

Fritz Mundt staan effens vorentoe. ,,Maar hoe sal ons die stad binnekom, mon colonel?'' vra die Duitser. ,,Die Doelaks laat niemand van buite in hul stad toe nie. Selfs nie vreemde Arabiere nie.''

Daar kom 'n glimlaggie op Le Clerq se gesig. ,,Hulle sal julle wel binnelaat, mon ami,'' verseker hy die groot Duitser. ,,Want hierdie sal jul paspoort wees.''

Hy lig die eienaardige geweertjie uit die kissie en hou dit in sy hande. ,,Hierdie geweertjie sal jul paspoort wees, mon ami,'' herhaal die kolonel. Die manne kyk vraend na die kolonel en hulle wonder wat hy met daardie woorde bedoel.

## SKERMUTSELING

Le Clerq sien hoedat die manne hunker na die volle feite. Daarom hou hy hulle nie verder in onkunde nie. ,,Hierdie nuwe geweer, mes amis,'' sê kol. Le Clerq, ,,sal vir julle ál die poorte oopmaak na Doetra toe. Julle gaan die rol speel van wapensmokkelaars. Ek dink nie daar is iemand in hierdie wêreld wat in Doetra so welkom is as 'n wapensmokkelaar nie. Julle sal hierdie nuwe geweer aan madame Bonnet gaan toon en haar wysmaak dat julle groot getalle hiervan aan haar kan verkoop. En terwyl julle met hierdie onderhandelings besig is, sal julle jul oë en ore oophou om te verneem presies wat die militêre toestand in Doetra is en wat die voornemens van die madame is. Wanneer die onderhandelinge afgeloop is, sal julle met die grootste spoed na Dini Salam terugkeer met ál die besonderhede wat julle ingewin het.''

,,Met alle eerbied, mon Colonel,'' sê Teuns, ,,is dit nie 'n gevaarlike ding dat die Doelaks bewus gemaak word van hierdie nuwe wapen nie?''

,,Hulle sal wél uitvind daarvan, mon ami,'' sê Le Clerq met 'n kort laggie. ,,Of hulle dit noú uitvind of later—uitvind sal hulle dit wel. Maar koop sal hulle hom nie kan nie, want dit is 'n Franse patent en 'n Franse geheim wat ten strengste bewaak word. Nou weet julle wat die doel van hierdie sending is. Daar is nog 'n ding, mes amis. Ek is bevrees julle sal ongewapen moet reis. Al wat julle sal kan saamneem, is die tradisionele kromsabel van die Arabiere. Dié sal nie van veel nut wees nie, maar dit sal in elk geval dien om jul vermomming te voltooi.'' Hy kyk na D'Arlan wat swyend daar staan. ,,Is daar nog iets wat jy wil sê, Capitaine?'' vra Le Clerq.

D'Arlan trek sy asem diep in. ,,Soos reeds gesê, mes amis,'' sê D'Arlan, ,,sal dokter Bretan jul vermomming hier voltooi en vervolmaak. 'n Aantal kamele word vir julle gereed gehou. Julle sal môrenag vertrek. Maar hierdie sending is uiters geheim. Nie 'n





enkele woord sal daarvan gerep word wanneer julle hierdie kantoor verlaat nie. Julle sal self nie eens met mekaar daaroor praat nie. Want as die minste hieroor uitlek, dan is die hele sending verlore. En wanneer julle die poort van Dini Salam verlaat, is julle op jul eie en moet julle optree so goed of so sleg as wat julle self kan. Hierdie hele sending laat ons oor aan jul moed en jul vindingrykheid. En ons weet dat julle die Vreemdelegioen nie in die steek sal laat nie. Bon voyage, Legionnaires. Dit is ál wat ek te sê het. Voordat julle vertrek, sal ons die saak meer in besonderhede bespreek.''

Le Clerq staan uit sy stoel op en die sweet blink liggies op sy voorhoof. ,,Legionnaires,'' sê hy ,,hierdie is 'n gevaarlike reis. Ek is die laaste een wat dit wil ontken. Maar van hierdie reis hang veel af. As julle slaag, kan dit die behoud van die Franse gesag in hierdie deel van die Sahara beteken. As dit misluk, kan dit die uitdelging beteken nie alleen van jul makkers in Fort Laval nie, maar selfs van die garnisoen hier in Dini Salam. Ek wens julle alle sukses en alle seën toe, mes amis. My bede is dat julle sal slaag.''

En toe, met sy kenmerkende, intieme hartlikheid kom Le Clerq om die lessenaar gestap, gooi alle militêre voorskrifte voor die wind, en skud elke man om die beurt die hand. Toe kom D'Arlan en doen dieselfde. En terwyl hy die manne se hande skud, kyk hy in elkeen se oë asof hy daarmee sy bede aan hulle wil oorbring dat hulle sal slaag. Hy hou veral Theuns Stegmann se hand lank vas. ,,Jy is die leier, mon ami,'' sê hy vir Teuns. ,,Vyf lewens word in jou hand gegee, asook die toekoms van die Vreemdelegioen in hierdie streek. Ek weet dat daardie kosbare dinge nie in die verkeerde hande is nie. Ter gelegener tyd sal jy meegedeel word dat jy tydelik as sersant aangestel word, as leier van hierdie klein ekspedisie.''

Le Clerq maak die kissie toe waarin die geweertjie rus. Toe staan die manne vinnig op aandag, salueer en stap uit.

Vir Teuns Stegmann is dit vreemd dat hy daardie toneel nou nog